Barmhartigheid Diensgroep NG Gemeente Gordonsbaai

ONS BELEEF GOD
GOD VERANDER ONS
ONS MAAK 'N VERSKIL IN ONS WÊRELD

NG GEMEENTE
GORDONSBAAI

Ons missie is om individuele persone en gesinne asook instansies **binne en buite** ons gemeentegrense te ondersteun waar daar behoefte bestaan aan onder andere voedsel, klere, vertroosting, bemoediging en om gekoester te word, deur middel van verskeie projekte.

Hoe doen ons dit?

VOORBIDDING | **R**UIMHARTIGHEID | **O**NDERSTEUNING | **B**EREIDWILLIGHEID | **D**ONASIES | **V**RYWILLIGERS & Deurdat julle die volle **W**APENRUSTING van God aantrek volgens Efés. 6:10 :

"julle lendene moet julle omgord met die waarheid; Die borswapen van geregtigheid; Skoene aan julle voete vir die bereidwilligheid vir die evangelie van vrede; Skild van geloof om al die vurige pyle van die Bose te kan uitblus; Die helm van verlossing en die swaard van die Gees wat die woord is van God; Terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges"

Maatskaplike Dienste

Beradingsdienste is op afspraak beskikbaar by die kerkkompleks, op Maandae, Woensdae en Vrydae tussen 09:00 – 12:00. Daar is **geen** onkostes aan hierdie diens verbonde nie. Skakel Margareth Knipe gerus by 021 856 2472 OF epos maatskaplikngk@gmail.com vir maatskaplike navrae.

HOOP:

"Sy antwoord was: "My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is." (2 Korintiërs 12: 9)

Nood Hulpverlening

Voedselhulp word aan individue en gesinne in nood verskaf. Die persone in nood sal eers deur die Maatskaplike werker geassesseer word, waarna die vrywilligers die aankoop en aflewering van die kospakkies hanteer. Daar word ook gepoog om diegene in nood van geestelike ondersteuning te voorsien.

MEDELYE:

"...Sy brei haar handpalms uit na die ellendige, en sy steek haar hande uit na die behoeftige" (Spreuke 31:20)

Kleding, komberse en **beddegoed** word ook aan individue en gesinne in nood voorsien. Jaarliks, tydens Pinkster loods die Barmhartigheid Diensgroep die "Emmers van Hoop" projek, waar ons dan die gevulde emmers oorhandig aan geïdentifisseerde organisasies of begunstigdes om sodoende 'n tasbare verskil in mense se lewens te bewerkstellig en vir hul bietjie hoop te bring.

BARMHARTIGE LIEFDE:

"En al sou ek die gawe van profesie hê en al die geheimenisse weet en al die kennis, en al sou ek al die geloof hë, sodat ek berge kon versit, en ek het nie die liefde nie, dan sou ek niks wees nie..." (1 Korintiërs 13:2)

Voedingskemas

Dit is verskeie projekte in die gemeenskap wat deur die **vrywilligers** behartig word. Barmhartigheid Diensgroep wat aankope doen van kos en aflewering by die verskeie afsetpunte nl.: Cassablanca; Temperance Town Primêr; Verswakte bejaardes by PAM Brink; Gordonsbaai Kliniek en Hawelose Bediening.

OPREGTHEID:

"My kinders, laat ons nie liefhê met woorde of met die tong nie, maar met die daad en in waarheid."
(1 Johannes 3:18)

Ondersteuningsgroepe

Hierdie groepe bied verskeie ondersteuningsdienste aan:

- **Bejaardes** in verskeie tehuise.
- **Naasbestaandes** wat 'n geliefde aan die dood afgestaan het.
- **Sieke besoek** aan individue in die hospitaal en tuis. Ondersteuning word ook aan hul gesinne gebied.

Indien u graag deel sou wou raak van hierdie groep omgee mense, kontak gerus vir Marthie Du Plessis: 082 676 4013.

ONDERSTEUNING:

"Twee is beter as een, want hulle het 'n goeie beloning vir hule moeitevolle arbeid. Want as hulle val, kan die een sy maat optel."
(Prediker 4: 9 & 10)

Wil u 'n verskil maak?

Deel jou gawes, talente en tyd deur:

- As vrywilliger betrokke te raak by enige van ons projekte
- Donasies (kleding, komberse, kos)
- Ons span in gebed op te dra.

Kontak gerus die Voorsitter, Herman Lourens vir enige navrae by 083 228 1069.

Baie dankie!

Herman wil ook van hierdie geleentheid gebruik maak om sy bekwame span (Marthie Du Plessis, Steve van Schalkwyk, Mart Jacobs, Marthie Erwee, Essie Koekemoer, Elsa Verwey, Cissie de Villiers, Annie Saul, Margareth Knipe, Larize Scholtz, Louise Lourens en Elize Brandt) te bedank vir hul liefde, opofferings, tyd en betrokkenheid by Diens van Barmhartigheid. ***Saam maak ons 'n gedugte span!!*** *Laaste, maar BESLIS NIE DIE MINSTE NIE, wil ons u graag HARTLIK BEDANK dat u ons deurgaans ondersteun met skenkings, donasies, klere, meubels, middele, voedsel, wol, komberse en dit vir ons sodoende moontlik maak om 'n BAKEN VAN HOOP vir diegene in nood te wees!!*

U LIEFDE, Gebede en Bydraes maak 'n TASBARE VERSKIL!!

Mag die Almagtige Vader, Ons Enige Jesus Christus u ryklik seën!!

Voorsitter,
Herman Lourens

Een in liefde, een van hart, een in strewe... ALMAL welkom!

Kusweg 87 / Posbus 15, Gordonsbaai, 7151
Tel: 021 856 1654 | Webwerf: www.ngkerkgordonsbaai.co.za